


**DIE  
SPIEËL**

**VGK**

**MALMESBURY**

**NUUSBRIEF**



**JULIE - SEPTEMBER**

**2019**

*Geagte Lidmaat*

*Dankbaarheid is 'n Christelike deug wat aan ons lewe 'n besondere kwaliteit verleen. VGK Malmesbury het 'n oorloed van redes om dankbaar te wees. Redes, soos dat ons as gemeente op 11 Julie 2019 ons honderd-agt-en-dertigste bestaansjaar gevier het asook die vyf-en-twintig-jaar herdenking van VGKSA. Daarom kan ons as gemeente saam met Paulus uitroep: "Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus." (2 Kor. 2:14).*

*Op 14 Julie 2019 het ons gemeente besoek ontvang van die "New Voices" Lof en Aanbiddings Sanggroep.*

**TEKKIEDIENS:** *'n Geseënde diens het plaasgevind op 21 Julie 2019 te Schoonspruit Sekondêr Koshuis, met Marileen Steyn as gasspreker.*

**DOPELINGE:** *Die volgende lidmate het hulle kinders gedurende die kwartaal na die doopvont gebring.*

*Sr. Amy Leander; Sr. Simonay Maree; Br. en Sr. John Willemse; Sr. Christelle Pieters;  
Sr. Patricia Dolly en Br. en Sr. Godfrey Adams.*

**† AFGESTORWENES VANAF 1 JULIE TOT 30 SEPTEMBER 2019 †**

*Br. Jacob Roems; Sr. Anna Hendricks; Br. William Nolte; Sr. Agnes Langley;  
Br. Christopher Pedro; Br. Jan Booyesen; Sr. Alida van Wyk; Sr. Anna Miggel;  
Br. Jan Cupido; Sr. Karin Smit en Sr. Rose Stuurman.*

*Ons wil aan die families wie geliefdes aan die dood afgestaan het sê: Die dood is tog die blinkende voorportaal waardeur ons instap in die helderverligte glorie van ons Vader se huis. Hoe nietig sal ons vrees nie wees wanneer ons daar ingaan nie.*

**DIE OPBRENGS VAN DIE KOLLEKTE EN DANKOFFER VIR KWARTAAL 3 IS:**

<i>Julie 2019</i>	<i>R 61 721.70</i>
<i>Augustus 2019</i>	<i>R 65 876.50</i>
<i>September 2019</i>	<i><u>R 66 076.70</u></i>
<i>Totale Opbrengs</i>	<i><u>R193 674.90</u></i>

*In dankbaarheid vir die seëninge wat jy ontvang, moet jy die een of ander offerande in jou lewe ter wille van ander bring.*

Op 1 September 2019 is weereens geskiedenis vir VGK Malmesbury gemaak, deurdat die kerk se webwerf tot die kuberruimte toe getree het. Indien u nog nie op dié werf rondgesnuffel het nie, is die volgende vir u belangrik:

Die webadres is: [www.vgkmalmesbury.co.za](http://www.vgkmalmesbury.co.za)


U sal die volgende op dié werf raaksnuffel:

- God se Verhaal met ons Gemeente
- Foto's van Leraars vanaf 1881 tot hede
- Die Eeufees Gedenkboek
- Foto's van ons Leierskap; Sameroepers van Kommissies en die Dagbestuur
- Komende gebeure en Algemene inligting
- Nuusbriewe
- 'n Galery vol foto's en videos en selfs preke onder andere die Kinderdiens van 15 September 2019
- Die kerk se kontakbesonderhede

Die Brigade het deelgeneem aan 'n Musiek- en Dril- kompetisie te Groenpunt Stadion op Saterdag, 20 September 2019.

Weereens baie geluk aan David Fred Isaacs, die naamgewer van die Nuusbrieff naamlik. DIE SPIEËL.

Lidmate moenie vergeet van die volgende groot gebeurtenis wat in ons gemeente sal plaasvind nie.



29 November – 1 Desember 2019  
Wesbank Sportgronde

## Wees stil en weet Hy is naby jou!

Spesiale diep-ken-en-verstaan-verhoudings is kosbaarhede in ons lewe. Dit maak die goeie tye selfs meer betekenisvol, omdat jou bergtop-ervarings en jou vreugdetye verdubbel.

En dit maak jou skadu-dae draagliker, omdat opregte omgee jou skouerhoogte deur die donker valleie dra. Dit is sulke verhoudings wat die lewe ryk maak – omdat jy weet dat hierdie mens by jou is, ongeag. Mense wat mekaar vashou en vertrou, bou met verloop van tyd hierdie verhoudings omdat hulle voortdurend ruimtes skep waarbinne hulle hul lewe met 'n ander deel. En dit omdat hulle te midde van hul dagtaak, tyd inruim om mekaar se oë te voel, mekaar se woorde in te drink, mekaar se lewe te deel. Om vir mekaar te sê dat hulle – ongeag en ten spyte van – steeds liefhet.

Ek wonder soms hoeveel van ons sò 'n verhouding met ons Here geniet? Hoeveel gelowiges besef dat Hy juis begeer om intens deel van ons lewe te wees. Om geduldig ons hart te hoor, om Homself met ons te deel. God wil nie bloot hê dat ons van Hom weet nie. Hy wil dat ek en jy Hom sal ken. Hy wil nie net van gehoor wees nie. Hy wil hê dat ons sal beleef dat Hy ons siel in Sy hand dra omdat ons Syne is.

God wil altyd gee. En dan die heel belangrikste geskenk wat ons iemand anders kan bied – sy onverdeelde tyd. Oomblikke, nee, 'n leeftyd, waarin jy beleef dat Hy op jou fokus. Dat Hy jou hoor nog voordat jy praat. Dat Hy jou onbegrip, vrae en twyfel verstaan. Dat Hy jou drome, verwagtings en vreugde ken. Dat Hy in jou pyn kan deel.

Ja, hierdie Bruidegom verbind Hom lewenslank aan jou – sodat jy Sy hart gedurig voel klop, Sy oë op jou sien rus en Sy hand om joune voel. Dit alles is die wonderlike nuus wat die evangelie aan ons bring. Tog moet ons, juis omdat dit 'n verhouding is, weet dat ons tye van liefde, aanvaarding en trou sal ervaar ... net om daarna weer te twyfel. Om afstand en selfs teësin by onself waar te neem.

Ja, ook in 'n verhouding met God is daar eb en vloed, op en af, ver en naby. En dit alles omdat ons mense is. Hierdie is egter een verhouding waar net een party ontrou kan wees – ons. Omdat ons mense is en God eenvoudig nie ontrou kán wees nie.

Van alle kosbaarhede is hierdie waarheid die grootste en mees betekenisvolle ooit.

Probeer dit dié komende maande ....

Skep 'n jou-en-God-ruimte: 'n bankie in die tuin, 'n groot kussing iewers in jou kamer, 'n leunstoel in 'n wegkruipplekkie. Kortom: 'n ruimte waar jy gereeld by Hom kan tuiskom. Doen moeite om in goedvoel- én slegvoel-tye sommer net daar te gaan sit. Hy is reeds daar!